

Sondag 10 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 2

Fokusgedeelte: Psalm 2:6 (1933/53-vertaling)

Dien die HERE en sy Gesalfde, alle mense!

Onrus en opstand. Dit klink soos die wêreld van vandag. Vers 2 sê waarop die opstand ten diepste gerig is – teen die HERE en sy Gesalfde!

Ons dink dadelik hier aan die Here Jesus. Tog is daar ander gesalfdes in die Bybel ook, soos koning Dawid. Wanneer so iemand gesalf is, was dit ook die teken dat die Heilige Gees kragtig in daardie persoon begin werk (1 Sam. 16:13). Die Heilige Gees rus hom toe en maak hom bekwaam vir sy werk as koning.

Elke gesalfde koning wat in Jerusalem geregeer het, het vooruitgewys na die koms van die volmaakte Koning! En uiteindelik is Hy gebore, Jesus Christus. Met sy doop is Hy met die Heilige Gees gesalf as ons ewige Koning (Matt. 3:16). Hy was as Seun van God volmaak geskik vir sy taak. Die HERE sê self oor Hom: “*U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.*” Vers 8 beskryf Hom as ons ewige koning op die hemeltrou en in vers 9 as koning wat oordeel en oorwin.

As volgelinge van Christus en daarom self gesalfdes met die Heilige Gees (HK Sondag 12) moet ons ons ewige Koning met ontsag dien. Ons moet ons volledige onderwerping en respek wys. Die gebruik was destyds om so ’n belangrike persoon se voete te kus (vs 12).

Hierdie oproep gaan ook uit na alle regeerders en wêreldleiers. Dien die HERE en sy Gesalfde, alle mense!

Sing: Psalm 2:6 (1936, tweede beryming)

Ds. AL (Abrie) Pelsers (Bethlehem)